

Ontmoeting 2

Elia

Kinders hoor die verhaal van Elia

Teks: 1 Konings 17

Hulpmiddels:

- 1 Groot bak en twee klein bakkies
- Stukkies brood wat so groot soos dobbelstene gesny en in die groot bak gesit is.
- 1 Tou om soos 1 wasgoedlyn te span
- 8 Papierborde – Vou die borde in die helfte. Hulle word oor die gespande lyn gehang. Voorop elkeen word die volgende prente of woorde geplak en binne-in word 1 deel van die verhaal geplak.
 1. Prent van 1 kroon
 2. Koevert met die woorde: Die Here het 1 spesiale boodskapper na Koning Agab toe gestuur. Dit was 1 profeet met die naam Elia. Profeet beteken – spesiale boodskapper van God.
 3. Niks voorop, maar 1 sakkie met sand en leidraad in om weg te steek
 4. Prent van 1 swart kraai
 5. Prent van 1 huisie
 6. Prent van 1 kruik
 7. Rooi hospitaal kruis
 8. Die woord “WOW”
- Syfers 1–3 op afsonderlike papiere geskryf en uitgeknip
- 3 Wasgoedpennetjies om die syfers aan die gespande lyn te hang
- Papierborde vir die aktiwiteit
- Versiering en vere
- Afdrukke van “Elia se wegkruipplek”-blokkiesraaisel



Welkom

Aflosresies: Verdeel die kinders in 2 rye. Noem die een ry die “Witborskraaie” en die ander ry die “Swart kraaie”. Sit die groot bak vol brood aan die een kant van die vertrek. Die twee rye staan aan die ander kant en elke ry kry 1 klein bakkie. Die tweede kind in die ry hou die leë bakkie vas.

Sodra die leier die teken gee, hardloop die voorste kind in elke ry na die bak vol brood, neem een stukkie brood en hardloop daarmee terug na sy span. Hy sit die broodjie binne-in sy span se bakkie en gaan staan agter in die ry. Sodra die broodjie in die bakkie is, gee die tweede kind dit vir die een agter hom en hardloop om nog 1 broodjie te gaan haal. Herhaal die proses vir 3 minute. (Dit kan selfs langer wees afhangende van hoeveel kinders en broodstukkies daar is.) Wanneer die tyd verby is, gee die leier 1 teken en almal moet dadelik gaan sit. Die span wie se bakkie die volste is, wen die speletjie.



Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en ligte patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in 1 rustige stem (terwyl hul oë toebly): “God se lig skyn altyd oor jou, of dit donker of lig in jou

lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem.” Wag nog h paar tellings en sê dan: “Amen.”



Woord

Hang die papierborde oor die tou wat voor in die vertrek gespan is. Sorg dat die prente na voor wys.

Papierbord 1: Voorop – Kroon

Binne in – Na Salomo het Agab die koning van Israel geword. Hy was h slegte koning en het meer sonde gedoen as enige van die ander konings voor hom.

Papierbord 2: Voorop – Koevert met die volgende woorde: Die Here het h spesiale boodskapper na Koning Agab toe gestuur. Dit was h profeet met die naam Elia. Profeet beteken – spesiale boodskapper van God.

Binne in – Die Here sê: ‘Dit sal beslis vir h paar jaar nie reën of dou nie. Die droogte sal eers ophou wanneer die Here besluit het dit het lank genoeg aangehou. Dan sal Elia weer vir julle kom sê die droogte is verby.’

Papierbord 3: Voorop – Niks geplak nie

Binne in – ‘n Leidraad waar jy die sakkie in die vertrek weggesteek het. Die kinders moet nou die sakkie soek.

Plaas fyn sand in die sakkie. Moenie die sakkie te vol maak nie, anders is dit te swaar en kan dit maklik skeur. Die kinders mag nie in die sakkie kyk nie. Stuur die sakkie om en laat die kinders voel wat in die sakkie is. Binne-in die sand sit jy die volgende deel van die storie, geskryf en opgevou. Moontlik voel een van die kinders dit. Gee eers almal wat wil voel, h kans.

Op die stukkie papier wat in die sand kom, staan:

Die water in die riviere het opgedroog en die land het soos h woestyn begin lyk. God het geweet dat die koning kwaad was vir Elia en Hy het vir Elia gesê waar hy moet gaan wegkruip. Niemand kon hom daar in die hande kry nie.

Papierbord 4: Voorop – Swart kraai

Binne in – God het self vir Elia op h spesiale manier gesorg. Daar was h stroompie waaruit hy water kon drink en kraaie het elke oggend en aand vir hom vleis en brood gebring om te eet.

Papierbord 5: Voorop – h Huisie

Binne in – Op h stadium het dit so droog geword, dat daar nie meer water in die spruit was wat Elia kon drink nie. God stuur hom toe na die dorp Sarfat. Daar het hy h vrou gesien wat hout bymekaarmaak en hy het haar gevra vir iets om te drink en h stukkie brood om te eet.

Papierbord 6: Voorop – Niks

Binne in – h kruik met die volgende woorde op die kruik:

Sy het vir hom verduidelik dat sy net genoeg meel en olie gehad het om een broodjie vir haar en haar seun te bak. Daarna sou hulle van die honger doodgaan. Elia het vir haar gesê dat haar meel en olie nie sal opraak nie. Die Here het belowe dat daar vir hulle genoeg olie en meel sal wees totdat dit weer gereën het. Sy het geglo en vir Elia h broodjie gaan bak. Van toe af het hulle genoeg gehad om te eet. Die meel in die kruik het nie opgeraak nie en die olie in die kan het nie minder geword nie, net soos die Here deur Elia belooft het.

Papierbord 7: Voorop – Rooi hospitaal kruis

Binne in – Die vrou se enigste seuntjie het siek geword en gesterf, maar God het op 'n baie spesiale manier vir hulle gesorg. Elia het tot God gebid en gevra dat hy nie die ramp oor hierdie vrou wat hom gehelp het, sal laat kom nie. God het Elia se gebed verhoor en die seuntjie het weer lewendig geword.

Papierbord 8: Voorop – Die woord “WOW”

Binne in – Die vrou sê toe vir Elia: “Nou weet ek dat u 'n man van God is en dat wat die Here deur u sê, die waarheid is.”

Hang nou die nommers 1, 2 en 3 met wasgoedpennetjies aan die draad. Laat die kinders saam tel soos jy die nommers vassteek. Vertel vir hulle dat na omtrent 3 jaar... EEN, TWEE, DRIE... God weer vir Elia 'n opdrag gegee het.

Van hierdie opdrag gaan ons by die volgende ontmoeting leer.

Gee vir elke kind 'n uitnodigingskaartjie na die volgende ontmoeting. Ons gaan volgende keer hoor wat Elia moes doen.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe dit moet voel om regtig nie te weet waar jy vandag kos gaan kry nie.
2. Ek wonder wat het Elia gedink toe die kraai daar aangevlieg kom met kos in hulle snawels.
3. Ek wonder hoe sorg God vandag vir jou.
4. Ek wonder hoe sê jy vir God dankie.



Werskaf



- Maak 'n kraai uit 'n papierbord. Plak of skryf die woorde “God sorg vir my” binne-in.
- Blokkiesraaisel: Elia se wegkruipplek

Gebedstyd:

Deel koekies of stukkies brood uit. Hulle moet dit eers net vashou. Gee vir hulle geleentheid om te bid en vir God dankie te sê dat Hy vir hulle sorg. Wanneer julle klaar gebid het, kan hulle die koekies eet.

Sluit af met die seënbede:


“Die Here kies jou om mense wat swaarkry, te gaan help, maak nie saak wie jy is nie. Gaan nou, moenie bang wees nie. Die Here is met jou.”



Antwoorde vir blokkiesraaisel

Elia se wegkruipplek

Gebruik die teksverse om jou te help met die antwoorde: 1 Konings 16: 29 – 33; 17: 1 – 6



AF:

1. Elia het _____ gedrink by die spruit.
2. Hierdie voëls het vir Elia kos gebring by die spruit.
3. Een van die soort kos wat die voëls vir Elia gebring het.

DWARS:

4. God het Elia beskerm teen hierdie koning.
5. God het Elia na die _____ gestuur.
6. God het hierdie man na 'n veilige plek gestuur.
7. 'n Ander soort kos wat die voëls gebring het.

